



Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 4^{de} Oplaaai (4 Mei)



Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruik word.

Vak en Bronne	MAANDAG
<p><u>AFRIKAANS HUISTAAL (HT)</u></p> <p>Rekenaar Platinum Handboek</p>	<p>Skryfopdrag: Doen navorsing (30-40 min) Verbeel jou jy is 'n verslaggewer. Versamel inligting oor een spesifieke vuurtoring in Suid-Afrika. Jou verslag moet die volgende inligting insluit:</p> <ul style="list-style-type: none">▫ Wie? (Wie het die vuurtoring gebou en wie het dit bestuur?)▫ Wat? (Wat is die doel van die vuurtoring?)▫ Waar? (Waar is die vuurtoring opgerig?)▫ Waarom? (Waarom is dit op hierdie spesifieke plek opgerig?)▫ Wanneer? (Wanneer is hierdie vuurtoring begin en voltooi?)▫ Hoe? (Uit watter materiale is die vuurtoring gebou en watter tegniek is gebruik?)▫ Enige ander interessante feite oor die vuurtoring bv. Waarvoor word die vuurtoring vandag gebruik? <p>Vir leiding kan jy bl. 69 in jou Platinum handboek gebruik. Kyk gerus na die interessante video van Gansbaai se vuurtoring: https://www.youtube.com/watch?v=cXJaSxvbeXo</p>
<p><u>ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)</u></p> <p>Rainbow Book</p>	<p>Rainbow Book p92 & 93. (20 – 30min)</p> <ul style="list-style-type: none">• On p92, only complete the summary section. You may complete table on the bottom half of the page if you would like to, it is not compulsory.• On p93, only complete the language section (fill in the missing word).
<p><u>WISKUNDE</u></p> <p>Handboek Iconic</p>	<p>Kapasiteit en Massa</p> <ol style="list-style-type: none">1. Hoofreken - Iconic bl.13 blok 46-472. Metingnota in "recipe" afdeling van die Wiskunde boekie. Kliek hier vir die verduideliking.3. WHB bl.71-72 Oefening 1 no.1-4 (doen in jou studienotasboek / opsommingsboek).
<p><u>NW</u></p>	
<p><u>GESKIEDENIS</u></p>	<ul style="list-style-type: none">• Verlede week het ons op bladsy 68 en 69 van ons handboek van krale en dorpie geleer.• Blaai na bladsy 18 in jou werkboek. Trek 'n kantlyn. Skryf die volgende nota in jou boek. Onthou om netjies met 'n skerp potlood te skryf.

- Onthou om altyd jou bes te probeer! Moenie oorhaastig wees nie, jy kan altyd die werk môre voltooi indien jy dit nie vandag klaar maak nie.

4 Mei 2020

Krale en Dorpies

Handboek bl. 68 en 69

1. `n Kraal is die plek waar `n gesin met hul diere en besittings gewoon het.
2. Die hoof van die kraal het in die Groot Hut gewoon.
3. Vee het `n plek in die middel van die kraal gehad, om hulle teen diefstal en wilde diere te beskerm. Hulle was baie belangrike en waardevolle besittings.
4. `n Dorpie was `n groep krale. `n Dorp was dus `n plek waar daar baie krale en baie mense was.
5. Groot dorpies was in gebiede met baie hulpbronne, soos hout, water, vrugbare grond, bouklippe en ystererts.
6. Teken hierdie tabel in jou boek en gebruik die **prentjies** op bladsy 68- 77 van jou Sosiale Wetenskaplike handboek om jou te help om dit te voltooi. Die eerste een is vir jou gedoen.


HULPBRON	WAARVOOR HET HULLE DIT GEBRUIK?
hout	Raamwerk van die hut se dak, vuur, gereedskap, wapens
water	
vrugbare grond	
bouklippe	
ystererts	

AARDRYKSKUNDE

TEGNOLOGIE

LEWENSWAARDIGHEDE

LO – volg die plan in die “memo folder”.



Laerskool KENRIDGE Primary School



Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 4^{de} Oplaaai (4 Mei)

Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruik word.

Vak en Bronne

DINSDAG

AFRIKAANS HUISTAAL
(HT)

Skryfopdrag: Maak 'n geheuekaart (45 min)

Doen die volgende in jou Afr. Klaswerkoek (gebruik 'n volle bladsy). Wees kleurvol en kreatief! Gebruik die volgende opskrif:

_____ April 2020

Skryf 'n verslag: Vuurtoring

Gebruik die inligting wat jy oor jou vuurtoring versamel het om 'n geheuekaart saam te stel. (Sien voorbeeld.)

Gebruik slegs sleutelwoorde om jou geheuekaart in te vul.

Geheuekaart:



ENGLISH FIRST
ADDITIONAL
LANGUAGE (FAL)

Rainbow Book p96 (10-15min)

- Only rewrite the paragraph in future tense (not the bar graph section). You may refer to your English booklet if you want to. Look at the section on tenses to help you.
- The first sentence will read as follows:

*Finuala Dowling and Gus Ferguson **will speak** at the Franschoek Book Festival **tomorrow night**.*


Rainbow Book

WISKUNDE

Kapasiteit en Massa


Handboek Iconic	1. Hoofreken - Iconic bl.13 blok 48-49 2. WHB bl.74-75 <i>Kyk wat jy weet</i> no.2; 3; 5; 6; 7; 8 (doen in jou studienotasboek / opsommingsboek)
<u>NW</u>	
<u>GESKIEDENIS</u>	Voltooi gister se werk indien dit nog nie klaar is nie.
<u>AARDRYKSKUNDE</u>	<ul style="list-style-type: none"> • Kan jy nog steeds die drie gebiede(kusvlakte, platorand en plato) wat ons verlede week geleer het, onthou? Kyk gou na bladsy 47 in jou handboek om jou geheue te verfris. • Ons het die dwarsnit op bladsy 17 van jou werkboek voltooi. Hoe weet ek dat die dwarsnit van W tot O is? Die Atlantiese Oseaan is W van SA en die Indiese Oseaan is O van SA. • Ons gaan nou die dwarsnit van N na S voltooi. Blaai na bladsy 18 in jou werkboek. Kan jy sien dat daar net 'n oseaan in die suide is? Hoekom is dit so? Ons buurlande is noord van Suid-Afrika. • Onthou om die byskrifte netjies in DRUKSKRIF met jou fineliner te skryf. • Gebruik die notas hieronder om bladsy 18 te voltooi. Gebruik GROEN vir die kusvlakte, GEEL vir die platorand en BRUIN vir die plato. • Onthou om die kaart te SHADE.

'n Dwarssnit van die bou van Suid-Afrika



- Wat is die Kaapse Plooi? Berge wat gevorm is toe die aarde se plate teen mekaar gebots het. Dit het veroorsaak dat hulle buig en opwaarts in plooi beweeg.

Suid-Afrika se fisiese kenmerke- hoë en lae gebiede



<u>TEGNOLOGIE</u>	
<u>LEWENVAARDIGHEDE</u>	LO – volg die plan in die “memo folder”.



Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 4^{de} Oplaaai (4 Mei)



Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruik word.

Vak en Bronne	WOENSDAG
<u>AFRIKAANS HUISTAAL (HT)</u> Platinum Handboek Klaswerkboek	<p>Skryfopdrag: Skryf jou rofwerk (op die volgende bladsy) (45 min) Orden nou die feite in jou geheuekaart en skryf 'n verslag oor jou spesifieke vuurtoring. Jou verslag moet uit 4 paragrawe bestaan van ongeveer 140 – 160 woorde altesaam. Skryf netjies in vasteskryf asook in potlood.</p> <p>Hou in gedagte die uitleg van jou verslag:</p> <ul style="list-style-type: none"> ▫ Hoofopskrif van verslag ▫ Kort, treffende inleiding ▫ Hoofinhoud (2 paragrawe) ▫ Samevattende slot <p>Onthou: In jou verslag moet jy op al die vrae beantwoord: Wie?, Wat?, Wat?, Waar?, Waarom?, Wanneer? Hoe? en ander interessante feite. (Jou verslag moet amper soos 'n mondeling klink as jy dit lees.)</p>
<u>ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)</u> Rainbow Book	<p>Rainbow Book p98 & 99 (25 – 35min) Spinning a web comprehension and grammar exercises.</p>
<u>WISKUNDE</u> Handboek Iconic	<p>Kapasiteit en Massa</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Hoofreken - Iconic bl.13 blok 50 2. WHB bl.178 Oefening 1 no.1-3

GESKIEDENIS


- Blaai na bladsy 70 van jou Sosiale Wetenskappe handboek. Lees die woordbank aandagtig. Kan jy die skoffels op die foto op bl. 70 sien?
- Lees die inligting op bladsy 70 en 71. Daar is foute op die bladsy. Trek asseblief `n streep deur die woord KORING in die 3de en 7de reëls van die paragraaf (nie die woord KORING in reël 4 nie), indien dit nog nie gedoen is nie. Trek ook `n streep deur die woord KORING in die opskrif van die prent en deur die byskrif KORING op die prent. Vervang dit met die woord OSGRAS (MANNA). (Jy sal ook agterkom dat die woord SORGHUM op plekke verkeerd gespel is.)
- Die paragraaf moet so lyk:

Die belangrikste gewasse was sorghum en osgras/manna. Dit is graansoorte soos koring, mielies en rys. Boere maak pap van sorghum en osgras/manna. Ander gewasse was spanspek, pampoens, patats en blaargewasse soos spinasie.

- Het jy opgelet dat die boere TWEE graangewasse geplant het, naamlik osgras (manna) en sorghum? Hulle het nie koring, mielies of rys geplant nie. Dit word net genoem as ander voorbeelde van graangewasse. Dit was nie in daardie dae in Afrika gevind nie.

Gewasse wat hulle geplant het

Sorghum



- Maak seker dat jy die inligting verstaan
- Blaai na bladsy 19 in jou werkboek. Trek 'n kantlyn. Skryf die volgende nota. Onthou om in netjiese kursief met 'n skerp potloodpunt te skryf.

6 Mei 2020

Gewasse en Diere: Klaskameraktiwiteit 4.3
Handboek bl.70 en 71

- 1.1 `n skoffel
- 1.2 `n graanstoor

	<p>1.3 `n maalsteen</p> <p>2. a `n Skoffel is gebruik om die land te bewerk, om onkruid uit te skoffel, om te grawe en om vore te maak.</p> <p>2. b `n Graanstoor is 'n klein hut wat gebruik word om graan in te stoor. Die sykante van die graanstore was heeltemaal dig om insekte en rotte uit te hou.</p> <p>2. c Jy gebruik `n maalsteen om graan en ander sade fyn te maal.</p> <p>3. Osgras (manna), sorghum, patats, pampoens, spinasie en meloen.</p> <p>4. SEUNS: hulle het die mans gehelp om die beeste, skape en bokke na die weivelde te neem. MEISIES: hulle het die vroue gehelp om die gewasse te plant, onkruid uit te haal en om die gewasse te oes.</p>
<u>AARDRYKSKUNDE</u>	<ul style="list-style-type: none"> • Het jy bladsy 18 netjies voltooi? Het jy die oseane op die kaart op bladsy 18 blou 'geshad' ? • Kyk nou na die kort video (51 sekondes) oor Plooiberge. https://youtu.be/Qgl9-hZhFnA • Kyk nou na die pdf 'CAPE FOLD MOUNTAINS' in die 'memo folder'.
<u>TEGNOLOGIE</u>	
<u>LEWENSVAARDIGHED</u> E	LO – volg die plan in die "memo folder".




Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 4^{de} Oplaaie (4 Mei)



Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruik word.

Vak en Bronne	DONDERDAG
<p><u>AFRIKAANS HUISTAAL (HT)</u></p> <p>Platinum Handboek</p> <p>Klaswerkboek</p>	<p>Skryfopdrag: Redigeer jou rofwerk en skryf jou finale weergawe (45 min)</p> <p>Redigeer jou rofwerk: Vra vir mamma of pappa om saam met jou deeglik deur jou rofwerk te gaan. Gebruik 'n skerp gemaakte blou kleurpotlood om enige foute reg te maak bv. spelfoute, leestekens, hoofletters, sinskonstruksie, ens. Voeg inligting by of haal weg totdat jy heeltemal tevrede met jou rofwerk is.</p> <p>Skryf nou jou FINALE WEERGAWE van jou verslag op die volgende bladsy. Skryf netjies in potlood asook in vasteskryf. Skryf ook die totale aantal woorde in hakies onderaan jou verslag bv. (155 woorde).</p>
<p><u>ENGLISH FIRST ADDITIONAL LANGUAGE (FAL)</u></p> <p>Rainbow book</p>	<p>Rainbow Book p100 (30+ min)</p> <p>Select a spider to do research on. Find an interesting one. Maybe one that is really scary! Or really big! Or very poisonous! Complete the table and the labels.</p>
<p><u>WISKUNDE</u></p> <p>Iconic</p>	<p>Kapasiteit en Massa</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Hoofreken - Iconic bl.25 blok 7-8 2. Lees skale werkvel. Dit is in die "memo folder" - jy hoef nie dit uit te druk nie. Jy kan net die letters in jou studienotasboek / opsommingsboek neerskryf met die bypassende massa. Onthou om die metingseenhede by te skryf (g of kg). Kliek hier vir die verduideliking.
<p><u>NW</u></p> <p>WERKBOEK</p> 	<p><i>ONDERWERP: Eienskappe van nie-metale</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Lees bl. 33 in jou werkboek aandagtig deur. Onderstreep terme wat belangrik is. <p><u>Eienskappe van nie-metale:</u></p> <ul style="list-style-type: none"> • Daar is 3 belangrike eienskappe van nie-metale. • Nadat jy dit aandagtig deurgelees het, onderstreep die terme wat vir jou uitstaan. • Daar is 3 woordjies (1 in elke eienskap) wat baie belangrik is.) Maak seker jy onderstreep die volgende woorde duidelik; <ol style="list-style-type: none"> 1. Bros 2. Dof 3. Swak geleiers van hitte. <p>Daar is ook belangrike informasie oor hoe metale en nie-metale verskil. Lees aandagtig deur en onderstreep belangrike terme;</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. NIE smeebaar 2. NIE rekbaar

	2. Nadat jy bl. 33 gelees, verstaan en onderstreep het, gaan ons bietjie kreatief wees. Aan die onderkant van bl.33 is daar blokkies met voorbeelde van nie-metale. Teken by elke blokkie 'n voorbeeld van die spesifieke nie-metale en kleur die tekening mooi in.
<u>GESKIEDENIS</u>	
<u>AARDRYKSKUNDE</u>	
<u>TEGNOLOGIE</u>	
<u>LEWENSWAARDIGHEDE</u>	LO – volg die plan in die “memo folder”.




Laerskool KENRIDGE Primary School

Graad-5 Akademiese Tuisonderrigprogram: 4^{de} Oplaaai (4 Mei)



Let asseblief op dat ons nie verwag dat die PDF-dokumente gedruk moet word nie. Dokumente kan vanaf 'n toestel gebruik word.

Vak en Bronne	VRYDAG
<u>AFRIKAANS HUISTAAL (HT)</u> Platinum Textbook Rainbow book	Skryfopdrag: Prent / Foto van jou vuurtoring (30 min) Teken nou 'n prent of plak foto's van die vuurtoring waaroor jy verslag gedoen het. Voeg byskrifte by om dit interessant te maak. Werk netjies en wees kreatief en kleurvol!



**ENGLISH FIRST
ADDITIONAL
LANGUAGE (FAL)**

Rainbow book

Rainbow Book p101 (15-25min)

WISKUNDE

Iconic

Kapasiteit en Massa

1. Hoofreken - Iconic bl.25 blok 10
2. Massa herleidings werkvel. Dit is in die "memo folder" - jy hoef **nie** dit uit te druk nie. Jy kan net die antwoorde in jou studienotasboek/opsommingsboek neerskryf. Moet **nie** nommer 3 doen nie, want jy moet desimale breuke gebruik en ons het dit nog nie gedoen nie.

NW

GESKIEDENIS

AARDRYKSKUNDE

TEGNOLOGIE

YouTube

Ons gaan 'n vloediagram maak oor die maak van sjokolade.
Daar is voorbeelde, 'n informasieblad en 'n matriks om dit mee te merk. Hierdie kan gevind word in die memo dokument. Kyk goed na die voorbeelde om te sien hoe 'n vloediagram werk. Neem kennis wat van jou verwag word. Na die tyd moet jy jouself merk. Wees eerlik.
Die Youtube video is opsioneel om te kyk, want ek verskaf al die stappe vir jou.

	https://www.youtube.com/watch?v=76vb6HeyTF8
	Werk hard en geniet dit.
<u>LEWENVAARDIGHEDE</u>	LO – volg die plan in die “memo folder”.